# Veranderende tendense en die implikasies vir jongmensverhoudings

Rian S. Steyn & George A. Lotter
Fakulteit Teologie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: rian@sagemeente.com
george.lotter@nwu.ac.za

### Abstract

### Changing trends and their implication for youth relationships

*In this article it is shown how changing trends in the world affect young people and especially in their interpersonal relationships. These trends are discussed on the macro-level (global), meso-level (South African) and micro-level (personal) and it is shown how these trends influence young people and their lives. The following challenges for Christian communities in the post-modern era are subsequently discussed: the post-individualistic and post-rationalistic approach. Young people also live in an age of a post-dualistic and post-intellectual presentation of the gospel. The article also indicates the implications for dealing with young people and their relationships within Christian communities and the church.*

### Opsomming

### Veranderende tendense en die implikasie vir jongmens-verhoudings

*In hierdie artikel word aangetoon dat veranderende tendense in die wêreld 'n invloed het op jongmense en in besonder op interpersoonlike verhoudings. Hierdie tendense word bespreek op makrovlak (wêreldwyd), mesovlak (Suid-Afrikaans) en mikrovlak (persoonlik). Daar word ook aangetoon hoe dit jongmense beïnvloed en hulle lewens bepaal. Verder word uitdagings vir Christelike gemeenskappe in die postmoderne era bespreek, naamlik dat hulle postindividualisties en postrasionalisties sal dink. Jongmense leef in die tyd van 'n postdualistiese en postintellektualistiese evangelie. Die artikel*

*dui ook die implikasies aan vir die hantering van jongmense en hulle verhoudings binne Christelike gemeenskappe en die kerk.*

## 1. Inleiding

Tendense in die verskuiwing van die modernisme na die postmoderne era het 'n groot impak op die wyse waarop 'n mens na die wêreld kyk en hoe die wêreld funksioneer. Die probleemstelling wat in hierdie artikel ondersoek word, is hoe die veranderende makro- (wêreldwye), meso- (Suid-Afrikaanse) en mikro- (persoonlike) tendense spesifiek jongmense beïnvloed en watter effek dit in die besonder op hulle interpersoonlike verhoudings het. Die artikel bespreek ook die uitdagings vir Christelike gemeenskappe in die postmoderne era en sluit af met die implikasies van die hantering van hierdie verhoudings.

## 2. Makrotendense

Die wêreld is in baie opsigte steeds in 'n oorgangsfase tussen modernisme en die postmoderne era. Hierdie verskuiwing het 'n hele aantal tendense (faktore) tot gevolg, wat veroorsaak dat jongmense anders moet kyk en nuut moet dink oor baie sake wat tydens modernisme aanvaar is.

Vervolgens word enkele makrotendense aangetoon en bespreek.

### 2.1 Kits-toegangskultuur

Die opkoms van 'n *kits-toegangskultuur* het die wêreld verklein en kontak met ander mense op enige plek in die wêreld op 'n baie vinnige en maklike manier, moontlik gemaak. Die term *global village* word algemeen gebruik om hierdie verandering te beskryf (Boshoff, 1999:3). Inligting het meer geredelik beskikbaar geword. Die implikasie hiervan is dat enige persoon op enige tyd toegang het tot feitlik enigiets deur bloot die druk van 'n knoppie. Hierdie ontwikkeling word gekenmerk deur hoëtegnologierekenaarstelsels, wêreldwye kontak deur die internet, 'n groeiende selfoonkultuur en 'n inligtingsontploffing. Die beskikbaarheid van inligting verhoog mense se keusemoontlikhede. Inligting het 'n geweldig belangrike ekonomiese kommoditeit geword. Dit is veral kinders en jongmense wat ouer mense (die vorige generasie) ver vooruit is op hierdie terrein van ontwikkeling (Sweet, 2001:12-13, 31-34).

## 2.2 Groter omgewingsbewustheid

Groter omgewingsbewustheid en ’n afname in energieverbruik vanweë nuwe ontwikkeling, hersirkulasie, bewaring, benutting van nuwe materiaal en veiliger energiebronne het geweldige implikasies vir die wêreld waarin ons leef. ’n Groenrewolusie is besig om plaas te vind. Daar is ’n groter bewustheid van die bedreiging vir die aarde se ekosisteem, hoofsaaklik as gevolg van groeiende ekologiese krisisse, ekologiese gevare en die ontwikkeling van ’n ekologiese paradigma (Snyder, 1996:76). Die omgewing word bedreig deur tegnologiese vooruitgang, die kweekhuiseffek en verdunning van die osoonlaag. Nuwe navorsing laat mense al hoe meer besef dat die fyn balans in die natuur beskerm moet word. Die postmoderne generasie is oortuig daarvan dat die lewe op aarde kosbaar is en dat daar ter wille van oorlewing, vinnig na groter samewerking met die aarde beweeg moet word (Grenz, 1996:13).

## 2.3 Wetenskaplike deurbrake

Wetenskaplike deurbrake in die verstaan van materie het die potensiaal om die mens nuwe insigte te gee in die aard van die fisiese wêreld. Veral navorsing op die terrein van die kwantumfisika is besig om talle wetenskaplike aannames van die modernisme te bevraagteken (Snyder, 1996:93). So word die klem byvoorbeeld al hoe meer verskuif van die struktuur na die proses. Daar word al hoe meer met ’n proses van kennis gewerk en nie meer met die simplistiese subjek-objek skeiding en gevolg-oorsaak denke nie. *Netwerke, spinnerakke* (*webs*) en *verhoudings* is terminologie wat algemeen gebruik word. Hierdie sisteembenadering vra ’n nuwe kyk na aanvaarde uitgangspunte in die wetenskap. Parsons en Leas (1993:8) verklaar dat enige rolspeler in ’n sisteem mede-afhanklik is van ander rolspelers. Hierdie mede-afhanklikheid het ’n groot impak op die manier waarop met die wetenskap omgegaan word. Dit word algemeen aanvaar dat antwoorde nie meer bloot verkry word deur slegs die logika te gebruik nie. Die gevolg hiervan is dat nuut gekyk sal moet word na die werklikheid waarin geleef word en dat erken moet word dat daar nie altyd logiese en eenvoudige antwoorde en verklarings bestaan nie (Lotter, 2006:1).

## 2.4 Magsverskuiwings

Magsverskuiwings in wêreldpolitiek het ook plaasgevind waar die tradisionele magstryd tussen die Weste en die USSR iets van die verlede is. Daar is eerder sprake van ’n stryd tussen noord en suid of tussen *have’s* en *have not’s*. In hierdie tyd het oorloë en veral

etniese konflikte opnuut die gewelddadige ontwaking van boosheid onderstreep. Hierdie toename is juis dalk omdat die mens se morele vaardighede en kognitiewe vermoë om dit raak te sien en te benoem, verswak het (Cushman, 2001:97). Die "godsdienstige" stryd tussen die tradisionele Christenlande en militante Moslem-groepe verhoog ook spanning wêreldwyd, veral in die lig van toenemende terreuraanvalle. Die aanval op die Wêreldhandel-sentrum op 11 September 2001 is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Sulke gebeure veroorsaak 'n toename in angs en 'n verhoogde soeke na sekuriteit en veiligheid (Louw, 2002:85). Vir baie mense is Amerika nie bloot die slagoffer van terreur nie, maar ook 'n weg van vergelding wat haat en geweld laat toeneem het.

## 2.5 Verhoudingstrukture kry opnuut aandag

Die verbrokkeling van tradisionele gesinsverbande vereis dat verhoudingstrukture aandag kry. Dit is veral die rol van die vrou wat heeltemal verander in vergelyking met die tradisionele sienswyse oor die vrou en die rol wat sy verwag was om in die huwelik en gesin te speel, asook die tradisionele denke oor die huwelik. Seksuele ongebondenheid is tipies van die postmoderne mens (Janse van Rensburg, 2002:54). 'n Toename in tieners wat swanger raak, aborsies, die verspreiding van VIGS, homoseksuele aktivisme en die beskikbaarheid van pornografie besorg nuwe uitdagings vir die kerk (Gill, 1997:81).

## 2.6 Feminisme

Feminisme het 'n plek ingeneem as deel van die postmoderne denkskuif, onder andere as gevolg van die opkoms van regstellende aksies op verskillende terreine (Leffel & McCallum, 1996: 221). Vroue deel die ervaring van onderdrukking deur mans in 'n manlik gedomineerde samelewing met mekaar. Vroue in leierskapsrolle plaas groter klem op gemeenskap, informaliteit, versorging en groeigeleenthede asook wat vroue in die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing kan beteken (Lotter, 2002:2). Die feministiese beweging het ook 'n nuwe uitdaging op die tafel geplaas vir Bybelinterpretasie. Die opeising van 'n "vroulike self ", wat deur die patriargale en androsentriese tradisie genegeer is, is een van die fokuspunte van baie vorms van feministiese spiritualiteit. Die verhouding tussen Feminisme en die postmoderne era word gekenmerk deur diversiteit (Mantin, 2001:30).

## 2.7 Latchkey kids

’n Generasie kinders is grootgemaak wat bekend staan as *latchkey kids*: hulle kom gewoonlik ná skool by ’n leë huis aan omdat albei ouers werk, of in die geval van enkelouers omdat die ouer geen ander keuse het as om te werk nie (Codrington, 1999:1). Vir baie lank was die gesin die mikrostruktuur wat die gemeenskap aanmekaar gehou het. Gesinsverbrokkeling is aan die orde van die dag. Die realiteit van VIGS en die impak daarvan op gesinne en gemeenskappe plaas nuwe druk op verhoudings. Ook die toename in die wêreldbevolking bring nuwe vrae na vore vir voedselproduksie en -verspreiding. Die steeds toenemende tendens van verstedeliking stel ook nuwe eise aan die gemeenskap.

## 2.8 Sin en doel van die lewe

Die postmoderne era *vra opnuut na die sin en doel van die lewe*. Wat is die sin en betekenis daarvan? Hoe is die heelal aanmekaargesit? Hoe staan my lewe in verhouding met ander dwarsdeur die geskiedenis? Waarheen is die wêreld op pad? Hierdie is vrae wat nie deur die modernisme gevra is nie. Die ontnugtering met en onbevrediging van die modernisme het die gevolg dat hierdie lewensvrae gevra word. Dit het ook die implikasie dat opnuut na God en Christene gekyk word vir moontlike antwoorde op dié sinvrae – veral omdat daar besef word dat die modernisme ook net ’n fase was en dat dit vinnig aan die verbygaan is. Waar die modernisme klem gelê het op sake soos die doel, ontwerp, hiërargie, sentrering en seleksie, beklemtoon die post-moderne era sake soos spel, kanse, anargie, verspreiding en kombinasie. Geloofs- en keusevryheid het Christenskap opnuut voor die uitdaging gepaas om sy geloofsbasis te verantwoord (Bosch, 1993:188). Geloof en godsdiens was te lank vasgevang in ’n rasionele struktuur asof dit die enigste manier was om geloof te verantwoord of godsdiens te beoefen.

# 3. Mesotendense

In die afgelope jare het geweldige verskuiwings in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind. Geen land staan los van die groter wêreld waarbinne dit staan nie. Die verskuiwings in die wêreld het ’n bepaalde effek op ’n land, sy instellings en sy mense. Dit is egter belangrik om te besef dat op enige gegewe tyd mense met verskillende denkraamwerke in ’n land aanwesig is. Na die nuwe regering in 1994 aan bewind gekom het, is die Suid-Afrikaanse regeringsbestel volledig modernisties, met sy klem op demokrasie,

menseregte, kapitalistiese ekonomie en op die volk. Tog leef almal in ’n groter wêreld wat postmodernisties ingekleur is. Terselfdertyd leef baie mense egter nog in ’n pre-moderne tydvak.

Van die verskuiwings wat die afgelope tyd op mesovlak plaasgevind het, is die volgende:

### 3.1 Kerk-staatontbondeling

Die kerk het nie net sy invloed op die sekulêre staat verloor nie, maar ook op baie terreine van die samelewing, en dit speel ’n al kleiner rol in die lewens van mense. Ruimte word gemaak vir mense van ander geloofs- en godsdiensgroeperings en hulle speel op alle vlakke van die samelewing ’n al hoe groter rol. Die kerk, en veral die bevoorregte wit kerk, staan voor ’n belangrike uitdaging oor ’n nuwe rol wat dit sal moet speel en oor ’n herdefiniëring van sy identiteit. Onsekerheid en onstabiliteit is een van die noodwendige gevolge in so ’n tyd van verandering (Du Toit, 2000:56).

### 3.2 Verdeling en verskuiwing van mag

Verskuiwing van mag het meegebring dat blankes al hoe meer begin besef dat hulle manier van doen en dink nie meer die enigste is nie en dat daar verskillende oplossingsmoontlikhede is. Die klem word baie sterk op versoening en samewerking tussen alle groepe geplaas (Lotter, 2000:223). Hierdie verskuiwing veroorsaak dat veral blankes ’n verlies ervaar, wat onsekerheid verhoog. Ook tradisionele kerke waar die gesag in die hande van ’n kleiner groep is, verkeer onder druk, aangesien mense eerder beweeg na kerke wat in hulle behoeftes voorsien (Hendriks, 1995:42).

### 3.3 Die tradisionele hoofstroomkerke verkeer onder geweldige druk

Daar is ’n beduidende skuif na kleingroepkerke en meer informele kerke (Oostenbrink & Lotter, 2002:544). Kerke groei waar leiers op grondvlak mense se basiese behoeftes raaksien en hulle help om die werklikhede van die lewe te hanteer ten spyte van moeilike omstandighede.

Gesagsinstansies, veral die tradisionele kerke en leiers, verkeer in ’n geloofwaardigheidskrisis vanweë die feit dat hulle meegedoen het aan wanpraktyke in die vorige politieke bedeling (Kingma & Lotter, 2002:321). Die ontmaskering van magsmisbruik verdiep hierdie ontnugtering. Leierskapstyle sal in die proses van ontnugtering en

verandering nuut gedefinieer moet word. Leiers sal weer die respek van ’n samelewing moet verdien deur lewens wat bo verdenking is (Buchanan,1995:80).

### 3.4 Die soeke na waarheid

Mense begin opnuut na die waarheid soek as gevolg van morele en leerstellige onsekerhede en as gevolg van die mislukking van die modernisme om bevredigende antwoorde op lewens- en sinvrae te verskaf. Hierdie soeke bied die ideale geleentheid vir Christenskap om erns te maak met mense se behoefte en soeke na deelname en ervaring. Dit bied aan die Christendom die geleentheid om mense by ’n nuwe ontdekking van ’n ou waarheid te bring (Walsh, 1990:213).

### 3.5 Verskuiwings in die ekonomie

Ekonomiese groei, veranderende rentekoerse, groter mededinging op wêreldmarkte en die wisselende Rand boesem nie noodwendig vertroue in nie. Ander sake soos regstellende aksie, werkloosheid, ’n afname in lewenstandaarde, laer spaarkoerse, wanbesteding, bedrog, geweld, die uitvloei van kapitaal en geskoolde mannekrag na die buiteland en ’n hoër lewenskoste wat langtermyn ekonomiese groei bedreig, skep groot onsekerheid by jongmense. Die verbruikersmentaliteit veroorsaak dat hulle ’n groot afsetpunt word vir modegiere en omdat hulle meer toegang het tot geld, spandeer hulle meer (Blackman & France, 2001:189).

### 3.6 Toenemende groei in geweld en misdade

Geweld en groeiende misdaad is ’n onrusbarende tendens, maar is kenmerkend van die postmodernistiese samelewing waarin waardes en moraliteit besig is om te sneuwel. Die toename in gesinsmisdade en verkragtings plaas gesinne en verhoudings onder geweldige druk. Die impak wat werkloosheid het op die toename in misdaad moet nie onderskat word nie. Om die voorkoms van geweld bloot aan politieke redes toe te skryf, is naïef aangesien die verskillende vorms van geweld sedert die 1994-verkiesing nog nie afgeneem het nie (Boshoff,1995:15).

### 3.7 Demografiese verskuiwings

Demografiese verskuiwings veroorsaak dat al hoe meer mense van ander bevolkingsgroepe en kulture in die ou blanke woonbuurte inbeweeg. Dit het ’n ontwrigtende effek op die tradisionele blank-

gemeenskapservaring (Hendriks, 1995:40). Wit en swart kulture begin al nader aan mekaar beweeg, wat gedeelde belange belangrik maak.

### 3.8 Enkelouergesinne

Enkelouergesinne kom al meer voor, en die feit dat vroue die arbeidsmag betree, het verreikende implikasies op gesinstrukture (Boshoff, 1995:19). Meer en meer mense word opgevang in *the fast lane with its ratrace ethos*, maar hierdie beweging is funksioneel-gedrewe en sukses-georïenteerd. Dit is tipies van 'n kapitalistiese etos waar vriendskap en gesinsverhoudings ongelukkig die grootste slagoffers is van 'n lewensstyl wat individualisties en uitkomsgefokus is (Hendriks & Erasmus, 2001:60). Die afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle het 'n geweldige negatiewe effek op die morele vorming van jongmense (Prins, 2001:108).

### 3.9 Die uitwerking van die VIGS-pandemie

Die uitwerking van die VIGS-pandemie op baie lewensterreine moet nie onderskat word nie. Daar bestaan geen twyfel dat dit die rol van die seksuele in die postmoderne tydvak totaal verander het nie (Morris, 2001:56). Suid-Afrikaanse Statistieke dui aan dat in 2003 26,5% teenoor die vorige jaar (2002) se 24,8% swanger vroue wat getoets is, MIV positief was. Dit beteken dat ongeveer 1 uit elke 4 seksueel aktiewe vroue MIV-positief mag wees. Volgens dié ondersoek is die hoogste persentasie MIV-positiewe vroue dié in die ouderdom 25-29, naamlik 34,5%, gevolg deur die ouderdomsgroep 30-34 wat 29,5% MIV-positief is (Anon., 2003). Volgens Anon. (2006:857) het die omvang van MIV en VIGS wêreldwyd gegroei van 37,8 miljoen mense teen die einde van 2003 na 39,4 miljoen teen die einde van 2004.

## 4. Mikrotendense

Bogenoemde verskuiwings op die makro- en mesovlak het geweldige implikasies vir die lewens en verhoudings van jongmense op grondvlak. Codrington (2001:2-3) gee byvoorbeeld 'n uiteensetting van die basiese kenmerke van die verskillende generasies. Die volgende kenmerke poog om die impak van hierdie tendense op die lewens van jongmense te beskryf:

## 4.1 Belangrikheid van verhoudings

Verhoudings is vir jongmense die heel belangrikste, veral omdat hulle grootword in ’n tyd waar ouers dikwels afwesig is en die TV, telefoon, SMS’e en e-pos die hoofvorme van kommunikasie geword het. Jongmense is op soek na aanvaarding en intimiteit in betekenisvolle verhoudings, ten spyte van die feit dat hulle baie min positiewe rolmodelle vir verhoudings het en nie oor die vermoë en vaardighede beskik om ware en betekenisvolle verhoudings aan te knoop nie (Codrington, 1999:1). Hulle blootstelling aan gebroke huwelike en ingewikkelde tweedevlakverhoudings, soos my-pa-se-meisie, my-ma-se-eerste-eks-man, my-tweede-stiefpa, my-stief-broer-se-pa-se-vorige-vrou maak hulle baie skepties oor verhoudings, terwyl die behoefte daaraan met geen plaasvervangers gevul word nie. Hulle word groot in ’n wêreld waar mense gebruik en misbruik word. Vriendegroepe word in baie gevalle surrogaat-gesinne, terwyl die paar betroubare verhoudings baie hoë waarde het. Hulle sal enigiets doen om liefde te ontvang, terwyl hulle eintlik nie weet hoe om lief te hê nie. Hulle sal seksueel meer aktief word in hulle soeke na liefde, intimiteit en aanvaarding. Dit verhoog die ervaring dat hulle net gebruik word, wat weer aanleiding gee tot die intensivering van hulle eensaamheid en leegheid. Hierdie is ’n generasie wat visueel funksioneer, maar nie oor die vermoë beskik om te praat oor hulle gevoelens nie. Hulle weet nie hoe om dít wat hulle die graagste wil hê, te kry nie. Hulle is die heel bangste om alleen te wees.

## 4.2 Seks word verwag

Volgens navorsing deur die Mediese Instituut het ongeveer 70% hoërskoolkinders al seks gehad (Swartz, 2001:8), terwyl 41% alreeds op die ouderdom van 14 verskillende seksmaats gehad het! Die boodskap waarmee jongmense grootword en wat deur die media en flieks aan hulle verkoop word, is dat liefde gevind word in seksuele intimiteit. Seks word gesien as onafwendbaar; soveel so dat kondoomvervaardigers en gesondheidsowerhede verklaar dat jongmense op geen manier gekeer gaan word om seks te beoefen nie, daarom word hulle aangemoedig om seks veilig te beoefen (Codrington, 1999:3). Die term “veilige seks” is juis vir hierdie generasie geskep. Die krisis is egter dat waar seks gebruik word om intimiteit, liefde en aanvaarding te probeer bewerkstellig, die teleurstelling net soveel groter is as dit nie in daardie behoefte kan voorsien nie. VIGS het vir hierdie generasie jongmense ’n baie groot probleem geword, wat verskillend gehanteer word. Die vrees en agterdog wat VIGS meebring, het ’n dramatiese effek op die wyse

waarop na begeerte en seks gekyk word (Morris, 2001:57). Tog wil dit lyk asof hierdie agterdog en vrees eerder die ouers se probleem is, want dit lyk nie of jongmense se ingesteldheid veel verander het nie. Seks is in die verlede as ontspanning gesien, maar word nou beskou as ’n vorm van Russiese roulette, ’n vorm van moontlike selfvernietiging. Die gevaar maak dit soveel meer opwindend. Hierdie generasie jongmense trou later, maar het vroeër seks as die vorige generasie (Steyn & Lotter, 2006:12). Saamwoon voor die huwelik word algemeen aanvaar en beoefen. Huwelike word gebruiksartikels wat bloot met die volgende een vervang word as dit nie werk nie.

### 4.3 Jongmense leef met verandering en omhels dit eintlik

Hierdie jongmense leef vanuit die oortuiging dat die enigste konstante verandering is. Modes en giere verander baie vinnig en iets word baie gou as outyds gesien. Alles wat nie verander nie, word met agterdog bejeën. Die rol van rekenaars is ’n baie goeie voorbeeld. Die vorige twee generasies het gehoop hulle tree af voordat hulle dit hoef aan te leer en hulle het net genoeg daarvan geleer om dit te kan hanteer. Die huidige generasie jongmense leef in die kuberruimte. Die internet met sy poort tot inligting en ander mense, het die lewe totaal verander (Codrington, 1999:3). Hulle het dus nie net verandering aanvaar nie, maar omhels en geniet dit. Hulle word maklik getrek deur foefies, solank dit ook voortdurend verander. Hulle verwag hoë gehalte tegnologie en verloor gou belangstelling as dit outyds is. In hierdie verband sal nuut gedink moet word oor die wyse waarop kennisoordrag plaasvind, deur byvoorbeeld baie meer simboliese en oudiovisuele vorms van kommunikasie te gebruik (Babin, 1991:56).

### 4.4 Jongmense leef met baie hoë spanningsvlakke en is dikwels oorgeorganiseerd

Kenmerkend van hierdie generasie jongmense is baie vol skool- en sosiale programme. Die eise wat skole en universiteite aan hulle stel, word ook al hoe hoër en hulle word al hoe meer besig (Codrington, 1999:4); selfs ontspanning moet georganiseer word. Daar is nie meer tyd om te speel nie. Die toename van realiteitsprogramme op TV is ’n goeie voorbeeld daarvan. Hiermee saam word spanningsvlakke verhoog, omdat die eise en verwagtings soveel hoër is. Hulle beskik oor baie meer vryhede en geleenthede waaroor besluite geneem moet word. Hulle ervaar meer verlies, met die gepaardgaande invloed daarvan op hulle

sekuriteit en toekomsverwagting. Hierdie jongmense moet voorberei word vir ’n ongenaakbare lewe, terwyl die omstandighede waarin baie van hulle leef, nie altyd hierdie voorbereiding bevorder nie (Steyn, 2005:65).

## 4.5 Pyn en woede neem toe

Die feit dat 75% van hierdie generasie met net een oorspronklike ouer saamleef en ouers baie dikwels afwesig is omdat albei ouers werk, het hierdie jongmense gedwing om vinniger volwasse te word. Hulle is nie tyd gegun om ’n normale selfbeeld te ontwikkel nie, en het ’n “patchwork self” ontwikkel (Elkind, 1984:5). Hulle het baie gou geleer hoe broos verbintenisse is, maar is in ’n premature – en ontoegeruste – volwassenheid ingedwing (Beaudoin, 1998:8). Hulle is selfonderhoudend en vertrou nie instellings nie, omdat hulle eerstehands ervaar het hoe dié wat in beheer is van die wêreld nie daarin kan slaag om die wêreld te beheer nie. Dit het veroorsaak dat hulle nie betrokke wil raak in groot organisasies en regeringsinisiatiewe nie. Vir hulle gaan dit daaroor om geld te maak. Daarom stel hulle nie belang in tradisionele werke nie, maar poog hulle om vinnig geld te maak in korttermynverhoudings met maatskappye. Hierdie generasie jongmense het al ’n hele aantal internetmiljoenêrs opgelewer (Sweet, 2001:12-13).

Hierdie generasie is skepties en krities oor die toekoms. Hulle stel meer belang in vandag en hierdie week as volgende jaar. Hulle soek ’n pynstiller om die pyn te verlig en nie ’n geneesmiddel vir die siekte nie (Codrington, 1999:5). Hulle sal enigiets doen om net vir ’n paar oomblikke te ontsnap van die harde werklikheid. Egskeidings, seksuele misbruik, alkohol- en dwelmmisbruik, geweld en psigologiese trauma is van die sake waaraan jongmense blootgestel is (Borthwick, 1992:34). Al bogenoemde faktore het daartoe bygedra dat hulle hard, sinies en bitter geword het, met lae woedetoleransievlakke. Hulle voel soos slagoffers en tree ook sodanig op. Wreedheid, verbaal en fisies, kom meer algemeen voor (Codrington, 1999:6).

## 4.6 Jongmense soek tog reëls van die regte vorms van gesag

Hierdie generasie is baie skepties oor gesag en ignoreer dit bloot. Aan die ander kant is hulle tog moeg vir ’n wêreld van totale vryheid wat gekenmerk word deur chaos en verwarring. Volle vryheid het uitgeloop op totale verwarring en gebrokenheid. Hierdie generasie hoef nie die reëls geleer te word nie, maar moet gehelp word om dit

te verstaan en om ruimte te verkry om dit self toe te pas (Steyn & Lotter, 2006:9). Posisie en status beteken vir hulle niks. Gesag en respek moet verdien word – 'n gesagsfiguur se optrede word dus noukeurig beoordeel en geweeg. Verhouding en karakter is die twee bepalende faktore waarop gesag aanvaar word. Hulle wil graag hê dat iemand vir hulle moet sê wat om te doen en hoe om te leef, maar daardie persoon moet iemand wees wat hulle respekteer. Mense moet dié reg verdien deur egtheid, opregtheid, karaktervastheid en onvoorwaardelike aanvaarding voordat hulle in jongmense se lewens mag toegang kry.

## 4.7 Die hede is belangriker as die toekoms

Omdat hierdie generasie soveel keer teleurgestel is, is *commitment* afwesig of dit vind baie stadig en met groot omslag plaas, maar 'n mens moenie langtermyn *commitment* van hulle verwag nie. Gevolglik het hulle 'n houding van "gryp die dag" (Geertsema, 1998:14). Onmiddellike bevrediging is 'n gevolg hiervan. Plesier word beskou as 'n basiese reg. Daar word wegbeweeg van die gedagte dat huidige opofferings nodig is vir toekomstige bevrediging. Hulle is dikwels onbetrokke by die land se verlede en toekomstige ideale, omdat hulle nie in die koerant belangstel nie, hulle nie steur aan openbare aangeleenthede nie, nie relevante sake bespreek nie (Steyn, 2005:66) en, soos die pas afgelope verkiesing bewys het, nie stem nie en ook nie eintlik omgee wat op burgerlike gebied gebeur nie.

## 4.8 Jongmense het 'n nuwe vorm van leer en kommunikeer

Vir hierdie generasie jongmense is tegnologie en moderne telekommunikasie baie belangrik. Hulle het 'n totaal nuwe taal aangeleer en kommunikeer op totaal nuwe maniere. Die manier waarop hulle leer, is eerder in die vorm van 'n mosaïek as liniêr. Hulle beskik oor die vermoë om inligting vinnig te absorbeer. Wat lyk soos 'n kort aandagspan, of onvermoë om te konsentreer op 'n enkele taak, moet nie as probleme gesien word nie, maar is eerder briljante meganismes om 'n oorlading inligting te hanteer (Rushkoff, 1996:50). Tulgan (1995:176, 186, 191) wys op hulle geweldige aptyt en vermoë om inligting te hanteer. Die rekenaar en TV word hulle gesiglose waardevormers.


*Koers 71(2, 3, 4) 2006:535-555*

## 4.9 Die invloed van die media is vir jongmense besonder groot

Jongmense besef baie goed dat die media gemanipuleer word en vertrou dus baie min wat hulle sien. Daarom verkies hulle eerder realiteitsprogramme en lewendige uitsendings, byvoorbeeld "Big Brother", omdat hulle gebeure kan sien soos dit plaasvind, met min tyd om dit te manipuleer. Hulle staan in 'n lewende interaktiewe verhouding met die media en kan selfs daaraan verslaaf raak (Lotter, 2005:3). Hulle spandeer meer tyd voor die televisie as met hulle ouers (Beaudoin, 1998:5).

## 4.10 Stories

Stories is ook baie belangrik. Omdat jongmense meta-narratiewe agtergelaat het, is postmodernistiese jongmense verplig om hulle eie narratiewe te vorm om betekenis en uitdrukking te gee aan wie hulle is (Senekal, 2005:182). Persoonlike stories wat deursuur is met integriteit, dwing hulle respek af. Postmoderniste glo elke groep het 'n eie storie of 'n narratief om te vertel; hulle eie verstaan van die werklikheid – 'n verstaan wat nie deur ander ontken, uitgesluit of gemarginaliseer mag word nie. Hulle beskou fundamentaliste as totalitêre denkers wat wil sien dat hulle storie ander stories domineer (Leffel & McCallum, 1996:201).

## 4.11 Pragmatisme is in beheer

Hierdie generasie jongmense vra nie of iets waar is nie, maar of dit werk (Codrington, 1999:8). Iets mag waar wees en selfs deur hulle so aanvaar word, maar hulle gee nie om nie, behalwe as dit 'n invloed het op hulle lewens. Hulle soek antwoorde op lewensvrae, met die voorwaarde dat die antwoorde werkbaar en toepasbaar op hul lewens is.

## 4.12 Jongmense is baie geïnteresseerd in geestelike sake

Alhoewel jongmense baie geïntereseerd is in geestelike sake is hulle egter nie noodwendig Christelik nie en hulle stel veral nie belang in georganiseerde godsdiens nie. Hulle stel belang in *new age*, satanisme, okkultisme, kristalle, die sterre, engele en wat daar ook nog mag wees (Leffel & McCallum, 1996:199). Daar is ook 'n teruggrype na en eksperimentering met die mistieke godsdienste. Dit is asof hulle weet dat die antwoorde waarvoor hulle soek in die geestelike dimensie van die lewe geleë is, maar hulle het geen idee waar om daarvoor te soek nie (Codrington, 1999:8). Hulle is oortuig

daarvan dat die konsep van Christenskap en Jesus al genoeg probeer is, maar nie gewerk het nie (Yancey, 2001:168). Daarom stel hulle nie eintlik eers meer in hierdie opsie belang nie. Georganiseerde godsdiens is uit, vae individuele spiritualiteit is in en daar is ’n soeke na ’n transendensie wat groter en meer is as die ervaring self (Van Huyssteen, 1995:11). Daar is ’n ernstige soeke na ’n God wat omgee, ’n kosbare kameraderie (Louw, 2002:95) van ’n God wat verstaan en beskikbaar is. Jongmense is honger vir geestelike voedsel wat hulle honger gaan stil. Hulle soek iets wat eg is. Die gevaar van die postmoderne era is dat daar soveel daarop gefokus word om Christus kultureel relevant te maak, dat die gevaar bestaan dat die evangelie begin draai om *ons*: *ons* ervaring, *ons* verhoudings, *ons* behoeftes, *ons* voorkeure (Wu, 2003). Hierdie soeke neem jongmense verder as die grense van hulle spesifieke denominasie en postmoderne jongmense dink dus post-denominasioneel oor kerkwees (Collison, 2000). Die impak van die kerk en ander morele leiers en rolmodelle het dramaties afgeneem. Daar is ’n soeke na gelowige mense met integriteit en die institusionalisering van die kerk stoot jongmense weg (Dreyer, 2003:21).

### 4.13 Musiek en vermaak is belangrik

Musiek vertel húlle storie, wie hulle is en is húlle stem. Die verskeidenheid musiek weerspieël hulle eie verskeidenheid. Met musiek druk hulle gevoelens en emosies uit. Baie musiek versterk egter eerder hulle donker kant, want as hulle alleen is, luister hulle na “alleen-musiek” wat hulle net nog meer alleen laat voel (Steyn, 2005:68). Musiek is meer as ritme en styl, dit is die taal van hierdie generasie, hulle siel en ’n uitdrukking van wat hulle voel en ervaar. Die invloed van musiek, flieks en popsterre is baie groot (Borthwick, 1992:33).

## 5. Uitdagings vir Christelike gemeenskappe in die postmoderne era

Die uitdaging bly staan om ons Christelike oortuigings en verbintenisse binne die heersende kultuur uit te leef en om die evangelie aan ’n postmoderne generasie te verkondig.

Posterski (2002) gee ’n interessante uiteensetting van kenmerke van die postmoderne era, die gevolge daarvan en wat die kerk se reaksie daarop moet wees, ook met betrekking tot interpersoonlike verhoudings. Hy onderskei die volgende kenmerke:

### 5.1 Post-individualisties

Ten spyte van die modernisme se oordrewe klem op die individu, mag die individu en persoonlike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid nie totaal uit die prentjie verdwyn nie. Die postmoderne era het die weg geopen om te werk met 'n individu-binne-gemeenskap (Visagie, 2005:34). Die rol van die gemeenskap en sosiale netwerk raak geweldig belangrik. Die gemeenskap is belangrik vir kennisoordrag, vir identiteitsvorming, vestiging van 'n gedeelde geloof, 'n ervaring van behoort en 'n ondersteunende struktuur van aktiwiteite en verhoudings (Rasmussen, 1993:113). Die postmoderne era dwing die mens om te ontdek dat geloof 'n geweldige belangrike sosiale komponent bevat.

In hierdie opsig is die postmoderne era nader aan die gees van die Bybel as modernisme, omdat die Bybel Christenskap nooit hanteer as iets wat net vir individue bedoel is nie, maar as 'n geloof wat uitgeleef moet word as lede van die liggaam van Christus (McCallum, 1996:243). Die moderne mens word verskeur tussen sy egoïstiese individualisme en sy paradoksale behoefte aan opregte en diep verhoudings (Hendriks, 1997:30).

### 5.2 Post-rasionalisties

Die postmoderne era se kritiek op die era van rede is 'n nodige herinnering dat menswees nie volledig bestaan uit 'n kognitiewe dimensie nie. Dit vereis 'n erkenning dat intellektuele refleksie en wetenskaplike omgang alleen nie kontak kan bewerkstellig met elke dimensie van die werklikheid nie, of nie alleen kan lei tot 'n ontdekking van elke aspek van God se waarheid nie (Olivier, 2003:43). Ruimte moet gemaak word vir die misterie – nie as irrasionele komponent nie, maar as 'n nodige herinnering dat die werklikheid van God menslike rasionaliteit by verre oortref. In die woorde van Philip Yancey (2000:27) "If you find God with great ease, perhaps it is not God you have found." Die Christelike geloof is baie méér as net die regte leer of leerstellige waarhede en juis hierdie boodskap moet oorgedra word.

### 5.3 'n Post-dualisties evangelie

Die Verligting het groot klem gelê op die verstandelike bó die stoflike. Dit het veroorsaak dat onderskeid gemaak is tussen die mens se siel en sy liggaam, en dat baie klem geplaas is op die redding van siele. Die postmoderne mens is baie meer gefokus op die totale mens. Die evangelie wat verkondig word, moet daarmee

rekening hou. Dit impliseer dat sowel met die emosioneel-affektiewe, die liggaamlik-sensuele en die kognitief-rasionele binne ’n mens gewerk moet word (Grenz, 1996:172). Die evangelie staan ook voor die uitdaging om die mens terug te plaas binne die sosiale en omgewingskonteks wat mense vorm en voed. Die evangelie moet egter ook ’n impuls word vir volledige interaksie, *commitment* en verantwoordelikheid (Rasmussen, 1993:113). Die mens binne verhoudings raak belangrik – die mens in verhouding met die natuur en omgewing, in verhouding met ander, in verhouding met God, in ’n ware verhouding met hom- en haarself. Dingemans (1996b:91) noem ’n “colescence of approaches and a complementarity of approaches” wat deur die praktiese teologie verreken moet word.

### 5.4 ’n Post-intellektuele evangelie

Die evangelie moet bevestig dat die mens se bestaan oor méér gaan as die blote versameling van kennis. Die doel van korrekte leer is om wysheid te bekom (Grenz, 1996:172). Om reg te dink, is ’n belangrike aspek in die proses van heiligmaking, want die regte oortuigings en leer is noodsaaklik vir ’n regte lewe. Kennis alleen is egter nie voldoende en die enigste maatstaf vir geloof nie. “Education merely makes man a more clever devil” (McCallum, 1996:242). Die relevansie van geloof vir elke lewensterrein moet beklemtoon word. Toewyding aan Christus is baie meer as net ’n intellektuele instemming en besluit. Die evangelie se fokus is op die hervorming van ons intellektuele toewyding, maar ook op die verandering van ons karakter en die vernuwing van die totale lewe van die gelowige. Die postmoderne evangelie se korreksie op die oordrewe klem van aksie sonder innerlike verandering, oortuiging en versorging is broodnodig.

## 6. Implikasies vir verhoudings

Moontlike sake wat sterk na vore tree en direk ’n impak het op verhoudings, kan die volgende wees:

- Jongmense het ’n geweldige *soeke na diep intieme verhoudings*, omdat hulle wil behoort, maar ook omdat hulle aanvaar wil word. Tog is daar ’n agterdog jeens verhoudings, want so dikwels werk verhoudings nie in hulle persoonlike huislike situasies nie.

- Die *vryblywende aard* van hierdie generasie jongmense maak *commitment* moeilik.

- Die ontvlugting en tegelyke ontnugtering van *onmiddelike bevrediging* – wat op hierdie oomblik begeer, ervaar en beleef word is al wat van belang is – in ’n seksuele verhouding, verdiep net die soeke na sin en betekenis in die lewe.

- Die onsekerheid van verandering veroorsaak ’n *soeke na sekuriteit*. Sake wat hierdie soeke na sekuriteit versterk, is ’n tekort aan leiers om as rolmodelle op te tree, onsekerheid oor die toekoms, die vryblywende aard van die samelewing met mense wat hulle moeilik verbind tot langtermynverhoudings, die opbreek van primêre verhoudings, toenemende relativisme, die afbreek van waardes en teleurstelling in die kerk en kerkleiers.

- Hierdie jongmense wil behoort en aanvaar word en sal daarom soms blindelings die *norme, standaarde en maatstawwe van die groep* navolg.

- Die impak van die *verbruikersmentaliteit* op verhoudings moet nie onderskat word nie.

- Die *verval in waardes en norme* plaas verhoudings onder groot druk. Ontvlugting, onmiddellike bevrediging, die swak voorbeeld van leiers en rolmodelle, ontnugtering in die etiek van die Westerse wêreld en inkonsekwentheid van leiers, geestelikes en gesagsfigure versterk hierdie verval. Toenemende klem word op geldmaak geplaas en die etiese verdwyn in die agtergrond.

- *Vroeë onafhanklikheid, verantwoordelikheid en verpligtings* kan ’n wanpersepsie skep dat hulle die vryheid wat met verantwoordelikheid saamgaan, mag benut. Die bevraagtekening en ondermyning van gesag – ouers en kerk, tradisies en gebruike – veroorsaak dat hierdie jongmense hulle nie laat voorskryf oor reëls vir verhoudings, seks en saamwoon nie. ’n Verdere rede hiervoor is dat die kerk nie meer noodwendig ’n inspraak in hulle lewens het nie.

- Jongmense is *seksueel meer aktief* in hulle soeke na intimiteit en aanvaarding. Die uitdaging is om jongmense die waarde van seks binne ’n monogame huwelik te laat ontdek, sonder om simplisties, fundamentalisties of idealisties te wees.

- Jongmense soek *antwoorde op sin- en lewensvrae*. In ’n lewenstydvak waar niks as absoluut beskou word nie, soek hulle ankers en hoop. Hulle soek pragmatiese antwoorde wat werk. Relativisme se *everything goes*-ingesteldheid bevredig nie meer nie.

- Die hele saak rondom die soeke na hulle eie *identiteit* speel veral vir jongmense in die lewensfase op pad na volwassenheid 'n baie groot rol. Die gebrek aan 'n verbintenis om hulle ware identiteit te ontdek, kan tot gevolg hê dat hulle voorgee in verhoudings, en nie hulself is nie, bloot omdat hulle nog 'n klomp sake in hulle lewens nie uitgesorteer het nie. 'n Verhouding kan dan maklik net 'n kruk word.
- Jongmense soek *rolmodelle* – mense wat met integriteit hulle geloof in die samelewing en binne verhoudings uitleef en wat nie skroom om ander uit te daag nie. Popsterre, televisiekarakters en filmhelde is die rolmodelle. Die afwesigheid van kontak met mense in werkbare verhoudings verhoog hulle soeke na rolmodelle.
- Om hierdie jongmense te verstaan, moet na hulle *stories* geluister word en die geleentheid moet geskep word sodat hulle dit met vrymoedigheid kan vertel.

Indien die Christelike gemeenskappe en die kerk wil erns maak met die betrokkenheid by jongmense en hulle verhoudings, sal bogenoemde implikasies deeglik in gedagte gehou moet word. Praktiese, geldige oplossings moet gevind word om jongmense nie verder te vervreem nie.

## 7. Samevatting

In hierdie artikel is aangetoon dat daar wêreldwye tendense is wat die verhouding van jongmense op grondvlak bepaal. Hierdie tendense is sigbaar op makro-, meso- en mikrovlak en dit word bespreek. Daar word ook aangetoon hoe hierdie tendense jongmense se alledaagse lewe en lewenstyl, asook denke beïnvloed. Uitdagings vir Christelike gemeenskappe in die postmoderne era is vervolgens bespreek en telkens is aangetoon hoe jongmense se verhoudings daardeur geraak kan word. Ten slotte is sekere implikasies uitgewys waarmee rekening gehou moet word wanneer Christelike gemeenskappe en die kerk in jongmense se lewens en hulle verhoudings wil betrokke raak.

### Geraadpleegde bronne

ANON. 2003. National HIV and syphilis sero-prevalence survey in South Africa. www.doh.gov.za/aids/index.html Date of access: 12 Des. 2003.

ANON. 2006. The world almanac and book of facts. New York: World Almanac Books.

BABIN, P. 1991. The new era in religious communication. Minneapolis: Fortress.

BEAUDOIN, T. 1998. Virtual faith: the irreverent spiritual quest of generation X. San Francisco: Jossey-Bass.

BLACKMAN, S. & FRANCE, A. 2001. Youth marginality under "Post-modernism". (*In* Stevenson, N. Culture and citizenship. London: Sage. p. 180-197.)

BORTHWICK, P. 1992: A global family of teenagers. *The Youthworker*, 1:32-37, Winter.

BOSCH, D.J. 1993. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis.

BOSHOFF, H. 1995. Die transformasieproses in Suid-Afrika: kerklike implikasies. Potchefstroom: PU vir CHO, Instituut vir Toekomstudies.

BOSHOFF, H. 1999. Christenwees/gemeentewees in 'n tyd soos dié. (Voordrag gelewer as deel van 'n teologiese dag vir predikante op 14 April 1999.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

BUCHANAN, D. 1995. A leader's authority. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, H.J., *eds*. Meeting the future. Randburg: Knowledge Resources. p. 78-88.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CODRINGTON, G. 1999. 12 Sentences that define generation X. www.youth.co.za/resource/genx12.htm Date of access: 25 Nov. 2003.

CODRINGTON, G. 2001. Ministry to different generations. (Voordrag gelewer as deel van 'n NGK sinodale toerustingsgeleentheid 15-16 Februarie 2001.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

COLLISON, M. 2000. Seven trends to watch in the next decade. *The Youthworker*, Jan./Feb. www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/seven.php Date of access: 12 Dec. 2003.

CUSHMAN, T. 2001. The reflexivity of evil: modernity and moral transgression in the war in Bosnia. (*In* Geddes, J.L. Evil after postmodernism. New York: Routledge. p. 79-100.)

DINGEMANS, G.D.J. 1996. Practical theology in the academy: a contemporary overview. *The Journal of Religion*, 76(1):82-96.

DREYER, D. 2003. Lééf jou gemeente regtig? Wellington: Lux Verbi.BM.

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

ELKIND, D. 1984. All grown up and no place to go: teenagers in crisis. Reading: Addison-Wesley.

GEERTSEMA, H.G. 1998. 'n Kort karakteristiek van die postmoderne era en die uitdaging wat dit aan 'n Christelike universiteit stel: wat beteken die postmoderne era? Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Studiestukke, 369:10-17.)

GILL, R. 1997. Moral leadership in a postmodern age. Edinburgh: Clark.

GRENZ, S.J. 1996. A primer on postmodernism. Grand Rapids: Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 1995. South African denominational growth and decline 1991-1991. *Journal of Theology for Southern Africa*, 91:35-57, June.

HENDRIKS, H.J. 1997. Kerklike megatrends: bedieningsimplikasies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 28(1 & 2):27-38.

HENDRIKS, H.J. & ERASMUS, J. 2001. Interpreting the new religious landscape in post-apartheid South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa*, 109:41-65, March.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 17(2):38-59.

KINGMA, B.R. & LOTTER, G.A. 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers,* 67(3):309-328.

LEFFEL, J. & McCALLUM, D. 1996. The postmodern religious shift: five case studies. (*In* McCallum. D., *ed*. The death of truth. Minneapolis: Bethany House. p. 215-234.)

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers,* 65(2):223-235.

LOTTER, G.A. 2002. Compassion and South African women. (Lesing voor die konferensie oor Vroue en die Kerk in die gemeenskap by die PU vir CHO op 6 Mei 2002.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

LOTTER, G.A. 2005. Technologizing and technocratization: where does the human side fit in? Conference proceedings. Cape Town: WWW conference.

LOTTER, G.A. 2006. Dehumanization by cyberfication. Conference proceedings. IPSI Conference, Marbella, Spain. February, 2006.

LOUW, D.J. 2002. Nigthmare after the American Dream: reassessing paradigms and a possible leap into "trans-postmodernity"? *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 17(2):75-97.

MANTIN, R. 2001. Can goddesses travel with nomads and cyborgs? Feminist theologies in a postmodern context. *Feminist Theology*, 26:21-43, Jan.

MORRIS, D.B. 2001. The plots of suffering: AIDS and evil. (*In* Geddes, J.L. Evil after postmodernism. New York: Routledge. p. 55-75.)

OLIVIER, S. 2003. Church for a real world. Vanderbijlpark : Over boundaries.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 2002. Gemeentelike bedienings-gestaltes ter bevordering van kleingroepspiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(3 & 4):543-554.

PARSONS, G. & LEAS, S.B. 1993. Understanding your congregation as a system. Herndon: Alban Institute.

POSTERSKI, D. 2002. Mapping the postmodern maze: laity equipping for the Presbyterian Church in Canada. http://www.presbycan.ca/flames/laityequipping/maze.html Date of access: 20 Jun. 2003.

PRINS, J.M.G. 2001. Intensionele morele vorming: noodsaaklik in kerklike jeugbediening. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 16(1):105-119.

RASMUSSEN, L.L. 1993. Moral fragments and moral community. Minneapolis: Fortress.

RISNER, J. 2003. Having a ~~Purpose Driven, Seeker Sensitive, Family Based,~~ Postmodern Ministry. *The Youthworker*. Nov./Dec. www.youthspecialties.com/articles/topics/postmodernism/having_postmodern.php Date of access: 12 Dec. 2003.

RUSHKOFF, D. 1996. Playing the future: how kids' culture can teach us to thrive in an age of chaos. New York: Harper Collins.

SENEKAL, D.P. 2005. Die funksionering van Bybelse inhoude in 'n narratief-pastorale gesprek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (D.Phil.-proefskrif.)

SNYDER, H.A. 1996. Earthcurrents: the struggle for the world's soul. Nashville: Abingdon.

STEYN, R.S. 2005. Die impak van postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voor-huwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese Teologie in SA*, 21(1):104-120.
SWARTZ, S. 2001. Condoms: some points worth pondering. *The Edge*, 1(4):8.
SWEET, L. 2001. Carpe Manana. Grand Rapids: Zondervan.
TULGAN, B. 1995. Managing generation X: how to bring out the best in young talent. Santa Monica: Merritt.
VAN HUYSSTEEN, J.W. 1995. Is there still a realistic challenge in postmodern theology? *Hervormde Teologiese Studies*, 5(1):3-42.
VISAGIE, I.J.H. 2005. Pastorale berading van die vader in die postmoderne gesin. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)
WALSH, D. 1990. After ideology: recovering the spiritual foundations of freedom. Washington: The Catholic University of America Press.
WU, E. J-H. 2003. The danger of postmodernism: making the gospel about us. *The Youthworker*, Nov./Dec. www.youthspecialties.com/articles/topics/postmodernism/danger.php Date of access: 12 Dec. 2003.
YANCEY, P. 2000. Reaching for the invisible God. Grand Rapids: Zondervan.
YANCEY, P. 2001. Soul survivor: how my faith survived the church. London: Hodder & Stoughton.

**Kernbegrippe:**

jongmense: verhoudings
tendense: verhoudings
veranderende tendense: verhoudings, houdings oor

**Key concepts:**

changing trends: relationships, views on
trends: relationships
young people: relationships